



Getuienis van Fransie Keogh oor amper verdrinking van Gerrit Roberts

Op 17 September 2005 het Gerrit twee dae voor sy tweede verjaardag by my suster se huis in die swembad geval. Gerrit was buite by sy pa en het vir hom gesê dat hy na mamma toe gaan. Hy het nie na mamma gegaan nie maar swembad toe geloop. Geraldine was besig met boetie Gavin, drie maande oud, toe sy skielik vra waar is Gerrit. Sy het begin soek en Gerrit in die swembad gekry. Hy het bo gedryf, sy het ingespring en ek het 'n gil gehoor wat ek nooit sal vergeet nie. Ons het swembad toe gehardloop en Gerrit uitgehaal en dadelik begin met mond-tot-mond- asemhaling. Ek en Riaan, my suster se seun, het mond-tot-mond- asemhaling gedoen en aangehou totdat 'n paramedikus by my oorgeneem het. Ek was so geskok en kon net bid en bid dat Jesus Gerrit se lewe sal red. Daar was geen pols nie, sy ogies het net gestaar en hy was blou in sy gesiggie. Die paramedikus was heeltyd op die foon met 'n dokter van die hospitaal wat hom opdragte gegee het. 'n Laaste poging is aangewend, hulle het adrenalien in sy hart gespuit en 'n flou pols gekry. Gerrit is na die hospitaal geneem en die dokter het hom op 'n asemhalingsmasjien en op ys gesit. Met ons aankoms het die dokter gesê dat hy geen hoop vir Gerrit het nie. Ek het hom aan die arm gevat en gesê "Dokter, glo jy in God want God kan enigiets doen.

Gerrit is vier dae op ys - dit koel jou liggaam af sodat jou brein nie te hard hoef te werk nie. Ek dink dit is die beste wat ek as leek dit sal kan verduidelik. Na dié tydperk haal die dokter hom af en laat 'n MRI-skandering doen. Volgens die skandering kan Gerrit nie eers self asemhaal nie. Volgens die skandering is sy brein dood. Hulle besluit om die masjiene af te skakel. Ek staan buite die hospitaal op my knieë voor God ek voel so naby aan Hom dat ek aan Hom kan raak. Here vra ek, vandag is ek bang om te bid laat U wil geskied. Vader, doen vandag wat U wil is, as U Gerrit wil neem, gee my vrede daarvoor Here, maar as U anders sou besluit Vader, gee hom terug vir ons Here en maak hom gesond en dit sal 'n getuie wees vir U Here en ek belowe Here dat die dag wat U my roep om na hierdie kind te kyk Vader, dat ek dit sal doen en my lewe daaraan sal wy. Ek gaan terug intensiewe sorg toe. Ons pastoor is daar en hy bid vir Gerrit. Deur my hartseer hoor ek van Jaïrus se dogtertjie terwyl hy bid en ek dink maar Here as U 'n kind kon lewendig maak wat drie dae al dood is, wat kan U nie met hierdie kind doen nie. Die masjiene word afgeskakel.

Gerrit se vitale tekens begin val en die suster sê hy sterf. Sy sit hom op Geraldine se skoot. Sy wil alles verwyder, die drade, ens., maar Geraldine sê nee wag, los dit eers asseblief. Wanneer jou vitale tekens val en dit begin onder 50 gaan, sê die suster, is jou liggaam besig om af te sluit. Skielik begin Gerrit se vitale tekens weer optel. Die suster kan nie glo wat sy sien nie en tel Gerrit dadelik terug op die bed. Hy is baie siek en veg vir sy lewe. Ons gaan huis toe. In die oggendure droom ek Jesus staan met Gerrit aan sy handjie vir my en kyk maar Hy draai nie om en stap weg met Gerrit nie en toe ek wakker word weet ek dat Gerrit nie gaan sterf nie, hy gaan leef en die wêreld sal weet hoe Groot en Magtig ons Vader is.

Gerrit is al twee maande in die intensiewe sorg en hy moet 'n "mickey" kry. 'n "Mickey" is 'n buis in jou maag waardeur jy voedings kry. Hy is al twee maande op 'n drip, hy kan nie so leef nie. Dit word gereël dat hy per ambulans na 'n ander hospitaal oorgeplaas word. Daar gekom is hy baie siek en swak. Die personeel het geen kennis hoe om met hom te werk nie. Alles loop verkeerd en ek dring daarop aan dat hy teruggaan na die vorige hospitaal. Daar aangekom is sy koors 40 grade en hy bloei oral, deur sy neus, mond en in sy doek. Hulle neem die doek weg na 'n laboratorium om te toets. Ek bid: Here neem asseblief hierdie bloed weg asof dit nooit hier was nie, laat dit net verdwyn. Die bloeding hou op en die toetse kom terug - geen spoor van bloed te vinde nie. Ek juig en dans voor my Magtige God en gee Hom al die eer en lof. 'n Week later word hy weer oorgeplaas na 'n ander hospitaal. Die dokter sê dat Gerrit of nie daar gaan uitkom nie of hy gaan op 'n ventilator uitkom. Sy kans is 50/50. Ek hardloop na my Pappa Vader toe en bid: Here dis alweer ek. Ons kind Here, hou ons kind vas. Ons gaan wag voor die teater en hoor hom huil en ons prys die Here, geen ventilator nie.

Gerrit is Desember 2005 uit intensiewe sorg ontslaan. Ons kry 'n sak vol medikasie - kalmeer middels - en besluit om dit weg te gooi. Ons gaan nie 'n kind se brein heeldag onderdruk nie. Ons gaan ons bes doen om hom so normaal moontlik groot te maak. Die eerste jaar is verskriklik. Gerrit huil net, staar net, kan nie beweeg nie, kry net buisvoeding, kan nie sluk nie, moet heeltyd gesuig word. Gerrit en sy ma gaan kuier by 'n tannie wat gestremde kinders grootmaak en sy vra vir Geraldine hoekom Gerrit nie eet nie. Die dokter het gesê hy kan nie eet nie. Sy druk 'n lepel joghurt in sy mond en hy sluk. Gerrit eet vir die eerste keer na amper twee jaar 'n bakkie joghurt. Ek het gehuil van blydschap. Die arme, arme kind was net vel en been. Hy was so maer dat dit seergemaak het om na hom te kyk. Gerrit is vir die eerste drie jaar na die ongeluk by sy mamma en ander ouma. Hulle het hom in 'n skool gesit vir amper 'n jaar waar hy baie sleg behandel is. Hulle het hom toe daar uitgehaal en hy is toe by die huis by sy ander ouma. Geraldine het na 'n jaar uitgestap. Dit is 'n ander hartseer storie en dit het so sielswroeging by my geword. Dit was iets wat ek so hard aan moes werk om haar te kon vergewe en vryspreek want ek kon as 'n ma nie verstaan hoe jy as 'n ma op jou kind kon uitstap nie. Dit was so seer vir my en die verwerping wat hierdie klein seuntjie moes deurgaang was te veel vir my, maar dankie Jesus met U hulp kon ek oor dit kom en dankie Jesus dat Geraldine nou ouer is en ook verander het teenoor Gerrit.

Ek kry Gerrit in Januarie 2008. Hy weeg 10 kg en ek dra hom in 'n babastoeltjie. Hy is 5 jaar oud. Hy het baie slegte tande, is so maer, praat nie, sit net in 'n hoekie. Ek word afbetaal by my werk en besef later dat die maatskappy my nie afbetaal het nie, my Vader roep my belofte in. Ons begin met Gerrit werk. Begin al die onnodige dinge verwyder. Eerste die "port" wat so uitstaan op sy lyfie. By die hospitaal gekom sê ek vir die dokter Gerrit gaan huil en my roep, ek moet hom teater toe vat. Jy kan duidelik sien die dokter glo my nie. Hulle kom haal Gerrit, hy huil en roep "ouma, ouma". Die dokter draai om in sy spore hy kan dit nie glo nie. Nadat die "port" uit is vra ek kos vir Gerrit. Die dokter staan en kyk hoe ek Gerrit voer. Die dokter kan dit nie glo nie. Ek sê vir die dokter: God kan enigiets doen dokter, glo dit.

Gerrit begin ontpop. Hy was 'n teruggetrokke ou seuntjie. Hy begin lag en speel. Ons leer hom om regop te sit, leer hom sy bottel vashou en gee tonne liefde en goeie boerekos. Hy begin groei en groot word. Dit is wonderlik om te sien hoe hierdie ou seuntjie begin gewig optel en groter word. Gerrit se immuunstelsel is afgebreek en hy het geen weerstand teen siektes nie. In Julie word hy baie siek met sy longe en ons word in die hospitaal opgeneem. Ek sit tot in die oggendure voor sy bedjie. Hy wil nie my hand los nie maar ek gebruik die tyd om met ons Vader te praat en vir Gerrit se genesing te bid. Ons gaan huis toe en Gerrit begin regtig al hoe meer verbeter. Volgende op die lys was sy mondjie wat vol slegte tande was. Die tandarts maak al sy tande reg met krone. Ai, ek wens julle was daar om daardie pragtige tandjies te sien

toe hy wakker word. Julie verlede jaar het hy groot operasies aan sy bene en voetjies gekry. Hy was ses weke in gips. Dit was so pynlik vir hierdie kind, ek het hom so jammer gekry. Wanneer jy 'n breinbesering kry trek al jou spiere styf en dit het sy voetjies vooroor laat val en sy handjies toegetrek. Hy was so styf dat ek nie meer 'n doek deur sy bene kon kry nie. Sy operasie was 'n groot sukses. Hy kry nou tweemaal 'n week fisio en hy ry eenmaal 'n week perd. Drie weke nadat sy gips halfpad verwyder is moes hy beenstutte kry wat R8 000 gekos het. Die medies het R3 000 betaal. Ons moes die ander R5 000 inbetaal wat ons nie gehad het nie. Ons het die Here daarvoor vertrou en 'n week later het die plek wat dit moes maak my gebel en gesê 'n anonieme persoon het die bedrag kom betaal. Prys die Here! Ek was so dankbaar. Nog drie weke later is die gips van sy voete verwyder. Hierdie keer moes hy voetstutte kry wat R8 000 kos. Ek was daardie middag regtig moedeloos en het sommer gehuil. Die medies was uitgeput en Gerrit moes dit kry. My pastoor se vrou bel en sy sê ek moet vir Good Morning Angels van Jacaranda 94.2 'n brief skryf. Ek skryf toe maar die brief en vergeet daarvan. Drie weke later klop Kurt Darren met 'n bos blomme aan my deur met R20 000 vir al Gerrit se benodighede. Is God nie amazing nie!!!!

Januarie het Gerrit skielik 'n epileptiese aanval gekry. Hy het medikasie gekry en ons is huis toe na 'n week. In Februarie het hy weer een gekry. Dié keer wil ons die MRI-skandering gedoen hê want die vorige keer kon hulle dit nie doen nie. Die masjien raas so dat dit die dooies sal laat opstaan. Gerrit word weer gesedeer en ons gaan in. Ek staan by sy bed en bid asseblief Pappa Vader laat hy nie wakker word met die geraas nie, dat ons die skandering kan kry en Pappa terwyl U hom aan die slaap hou gaan in daardie breintjie en verras die ouens hier buite vandag. Die skandering is klaar en ons kom uit. Die dokter kom na my toe en vra wat doen ek met die kind? Hoekom vra ek? Hy vra wat kan die kind alles doen want sy breinskandering wys dat sy brein verbeter het. Hy het nog die vorige skandering van vyf jaar gelede. Dokter, sê ek, vyf jaar gelede het ek vir julle gesê dat God enigiets kan doen. Vandag sê ek weer vir julle dat God enigiets kan doen.

Vandag kan Gerrit self eet, sy bottel drink, hy kruip-seil, pak my kaste uit, speel met sy speelgoed, krap met potlode in 'n boek, praat alles, kan kleure uitken, ken almal se name, weet presies waarheen ek ry. Hy ken die pad na mamma, oumagrootjie en fisio. Die fisio se verslag sê Gerrit is 'n baie intelligente kind.

Hiermee wil ek alle lof en dank en eer aan God gee. Hy het ons uit die diepste denkbaarste put uitgehaal en my visie is dat Gerrit se lewe 'n groot getuie vir Jesus sal wees want net Jesus kan dit doen wat in sy lewe gebeur. Die dokter sê altyd vir my dat ek Gerrit se redder was, maar ek wil dit nie hoor nie. Ons kan doen wat ons wil, as God dit nie laat gebeur nie, sal dit nie gebeur nie. My Vader is my helper. Elke dag van ons lewe begin op ons knieë by Hom want net Hy kan my die krag en die wysheid en die sterkte gee vir hierdie groot voorreg wat ek het om Gerrit, sy hemelkind, te kan grootmaak.

Ek is 'n kind van die Allerhoogste God in die Hemel en is so geseënd en ek dank U, Pappa Vader, hiervoor. As hierdie verhaal van Gerrit kan help om net een siel na Jesus toe te lei, dan het hierdie hele episode 'n doel gehad.

Mag elke persoon wat hiervan hoor en lees sy diepe afhanklikheid van Jesus besef en sy hart en lewe vir Jesus gee, ons Redder en Saligmaker. Amen